



AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1
AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1
AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1

Friday 18 November 2005 (afternoon)
Vendredi 18 novembre 2005 (après-midi)
Viernes 18 de noviembre de 2005 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

Skry'n kommentaar oor *een* van die volgende:

1. (a)

Grondstowwe by die siklus van seisoene

Geskryf vir die Fynproewersglide

Eintlik vir Annatjie Melck

I HERFS

Die Pieke wissel in 'n kwepergloed
wat appels en die laaste druiwe voed;
die wingerde verroes tot rooi pontak
terwyl uit eikebome koperblare sak.

- 5 Die bye en jangroentjies steek suikerkanne
en kerse van die populiere brand. Ontspanne
drink jy vonkelwyn en koer: op die dak
lê reeds die rye boerpampoene weggepak.
10 Nou met brokkolie, blomkool en sampioene
spriet 'n dieper drif en soet uit suurlemoene;
jy smul aan borriepatats en, gesmoor of gerook,
voel jy in jou die eerste snoek wat loop.

II WINTER

Die Pieke skuil in mis of wit kapok
bo lensie-, ertkie-, spek-en-boontjiesop
15 wat damp teen vensters van wit gewelmure.
Bottels rooiwyn warm aan voor kaggelvure
en in houtbakke volgens die seisoen
staan koejawels opgestapel en soetlemoene.

- 20 Ons sal by tye met intiemer tongval praat;
kerriekos eet, varkrib en bruin wildbraad,
souskluitjies met kaneel, gesproete pannekoek.
Wanneer jou kop sy reglê op die kussing soek,
raas die Eersterivier harder en vol,
en in jou word die klippe ronder omgerol.

III LENTE

- 25 Die Pieke blaai na ander buie, blou of groen,
 maar met alles om jou heen is jy versoen:
 die bot van eike en platane, die vleie
 geprik met waterblommetjies, beddings met preie,
 jong wortels en aspersione – klewerige hars
- 30 aan vroeperskes, die nat sekelsnit van gars,
 en dampe uit dolvore. Eentonig die geluid,
 êrens uit die dennebos, van Piet–my–vrou se fluit.
 Jy kerf kolganse, tarentale en konyne;
 sing saam aan ou refreine, drink jong wyne
- 35 op bobbejaantjies en fluweeltjies... die beskeie
 eerste proe aan rooi punte van aarbeie.

IV SOMER

- Die Pieke tril van hitte. Die suidoos
 blaasbalk pruime af en vonke appelkoos;
 sonbesies gil, rooier word rabarber en radyse;
- 40 koljander word gestamp in kopervysels.
 Teenoor bure en besoekers gloei 'n welbehae
 en deur erfglase skitter die Ster bo dié feesdae
 van kalkoene en doekpoeding... koue waatlemoene,
 spanspekke, kreef, alikruk en perlemoene.
- 45 Kantelbakke poer met boeselpense druiwe
 wat parsskroewe in koel kelders nader skuiwe –
 die hele wêreld gis, gebreekte dop en mos,
 daar is geen ander dorp soos Stellenbosch!

D.J. Opperman, *Komas uit 'n bamboesstok* (1983)

- Ons sien dat die gedig oorspronklik in opdrag van 'n Fynproewersgilde geskryf is. Op watter wyse het dié opdrag die tema en inhoud van die gedig bepaal?
- Op watter wyse reflekteer die opnoem van groente, vrugte en ander spyse die siklus van seisoene?
- Die toon van die gedig sou as aards en sensueel beskryf word. Waarin lê die aardsheid en sensualiteit?
- Die gedig demonstreer die innige verband tussen voedsel en kultuur. In watter mate het jou begrip van dié verhouding verander deur die lees van die gedig?

1. (b)

In die kortverhaal trek 'n man na winterweiding met sy skape. Sy vrou en kinders bly agter. Ons neem die verhaal verder waar hy op terug huis toe is:

Die hele winter was sy alleen met haar kinders, want haar man was met die skape na die Bosveld, en sy wou nie saamgaan nie om die kinders in die skool te hou. Dit was baie onpleierig, sowel vir haar as vir hom, die hele vier maande alleen, maar tog wou sy dit so hê. Dit sou nog 'n maand duur voordat hy met die skape terugkom.

5 Martinus Cloete trek met sy skape uit die bosse. Dit het al so warm geword dat hy nie langer daar kan bly nie, en hy het gehoor dat daar mooi reëns geval het langs die pad en dat die gras al begin uitloop. Maar op die eerste reëns het weer droogte gevolg; die jong grassies het verlep, en dit was weer die ou swart brande met net hier en daar 'n bietjie gras.

10 Oor die afgebrande veld trek die skape moeisaam verder en knabbel aan die yl, dun, verflenste grassies, stadiger, die koppe altyd laer, na ander nuwe kolletjies gras. Agter loop Martinus Cloete. Sy lang, hoekige gestalte in die verslete, verbleikte klere beweeg stroef in verdrietige gang. 'n Ent voor hom ry sy wa in die pad.

Aldeur stadiger trek die skape, so maer is hulle, so swak. Nou en dan bly een van hulle lê. Hy neem sy mes en sny haar keelaf; loop dan weer verder.

15 So nietig lyk alles daar, die trop armoedige skape en die man; so verlate in die wye, drukkende eensaamheid met die geel son bo hulle, die son wat daar soos 'n vuur alle koelte en reën wegbrand en die bietjie gras wat daar is, verdroog.

20 Elke dag bly daar meer skape lê en hy sny hulle keelaf, sodat die assvoëls hulle nie lewend kan kry nie. Dis nog die ergste om die stomme diere te moet doodmaak. Hulle kyk hom aan met hul bekende oë, hulle vra hulp en dan moet hy hulle doodmaak. Hy is voortdurend vol angs dat daar meer sal agterbly, sal bly lê. Hy sien dit naderhand altyd; terwyl hy loop, of as hy saans by die vuur sit of as hy onder die wa lê voordat hy aan die slaap raak; in sy slaap ook, altyd sien hy dit: 'n skaap bly agter, gaan staan, gaan dan lê.

Somtyds wens hy dat hulle maar algar moet dood wees, sodat daar 'n end aan kan kom.

25 Een môre sien sy hom kom en haastig loop sy hom tegemoet, maar toe sy die klein klompie skape sien, bly sy verskrik staan. Is dit ál skape? Sou daar so baie dood wees? En sy bly staan waar sy is en kyk na die skape wat traag nader kom totdat hulle by haar is en verbygaan. Toe gaan sy na haar man, groet hom met 'n soen, spraakloos.

30 In die huis gaan hy moeg op een van die kiste sit. Sy gaan by die tafel sit en kyk hom aan met groot, droewige oë, maar hy kyk reguit voor hom in dowwe moedeloosheid. “Die helfte is dood,” sê hy.

35 Sy gee nie antwoord nie, maar staan op en gaan by hom sit. Sy leun teen sy skouer en neem sy hand in hare, maar sy sê niks nie. Lank sit hulle so, want die slag was hard. Maar aan hom dink sy die meeste, aan die swaar wat hy deurgemaak het. 'n Sterk verlange kom in haar op om hom te troos, maar sy vind geen woorde nie, en stil sit sy daar teen hom en liefkoos sy groot, ruwe hand.

Breed is die groot teëspoed om hulle, en daarbinne, asof opgesluit, benoud en alleen, hulle twee. So dig bymekaar is hulle nou.

Langsaam begin hy vra en vertel.

Jan van Melle, *Die Tuiskoms*, (1942)

- Die kortverhaal onderstreep die innige band tussen natuur en boer. Hoe so?
 - Die kortverhaal se titel *Die Tuiskoms* fokus die leser op ‘n verhouding eerder as die ramp wat die gesin getref het. Op welke wyse word die aard van die verhouding aan die leser geopenbaar?
 - Watter van die volgende twee woorde beskryf die afloop van die verhaal vir jou die beste: *vertroosting* of *verslaenheid*?
 - Jou persoonlike reaksie tot die gebeure?
-